Leef saam
HUISGELOOF

**Gesels saam:**

- Wat is die coolste of interessantste manier waarop iemand hulle al aan jou voorgestel het?
- Dink aan 'n interessante manier waarop jy jou aan mense kan voorstel (byvoorbeeld deur te "rap"). Gee almal in die gesin kans om hulle voor te stel.

Julle gaan vandag 'n loflied lees wat aan die begin van die Johannesevangelie voorkom. In hierdie loflied gebruik die skrywer beelde en poëtiese taal om vir Jesus, die Hoofkarakter van sy verhaal, aan ons voor te stel.

Lees Johannes 1:1-18 saam.

**Gesels saam:**

- Watter drie beelde gebruik Johannes om na Jesus te verwys (v 1, 4-5)?
- Wat dink julle sê hierdie beelde vir ons van Jesus?
- Van watter beeld hou julle elkeen die meeste? Waarom?

Soek saam na items in julle huis of tuin wat julle aan hierdie drie beelde (Woord, lewe en lig) laat dink ('n kers kan byvoorbeeld lig uitbeeld). Sit hierdie items vir die week op julle kombuis- of eetkamertafel om julle aan Johannes se voorstelling van Jesus te herinner.

*Bid saam en sê dankie dat God vir Jesus aarde toe gestuur het sodat ons iets van God se genade en liefde kan verstaan en beleef.*

# Welkom in die kategese

## Hallo en welkom in die kategese

My naam is ______________________ (kategeet).

Jy kan my altyd in die hande kry by

______________________ of ______________________.

Saam gaan ons leer hoe om die Here en mekaar meer en meer lief te hê.

Dit is vir my 'n voorreg om jou in ons groep te verwelkom.

______________________ 19 Januarie 2025

Handtekening Datum

*"Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle."*

**MARKUS 10:14**

# Kategese 2025!

Formaat van die kategese tydens ‘n Sondag.

| | |
|---|---|
| 9:00 | Families woon almal saam die erediens by. |
| 9:20 | Die Klitsies (voorskoolse kinders tot graad 3) verlaat die kerkgebou saam met hul mentors na die Ou Pastorie.<br>Kinders van graad 4-10 verlaat die kerkgebou saam met hul mentors na die saal. |
| 9:30 | Groot groep byeenkoms. |
| 9:40 | Klein groepe verdaag na hul lokale. |
| 10:00 | Ouers gaan haal hul kinders by hul onderskeie lokale. |

Wat moet ek onthou?

- Alle datums is op die kerk kalender.
- Tydens nagmaal is daar geen kategese nie.
- Die **huisgeloof** materiaal sal op die kerk se webblad beskikbaar wees.
- Kontak asb die kerkkantoor of die jeugwerker met enige navrae.

Wat moet ek bring?

- Bybel
- Die mentors mag soms bydraes vra.

Huisgeloof

Huisgeloof is ‘n weeklikse program vir huisgesinne om as gesin saam by Jesus te kuier. Dit volg dieselfde tema as die kategese en bied ‘n inleiding tot die volgende Sondag se kategese les. Die eerste tema is agterop die blaadjie.

# Jeugbediening 2025

**Klitsies**: Gr. 0 - 3

Kom tydens oggend-eredienste byeen in die Ou Pastorie langs die kerk tydens skoolkwartale. Sien kategese op kalender

**Kategese:** Gr. 4 - 10

Elke Sondag om 9:00 in die saal tydens skoolkwartale. Sien kalender

**Belydenisgroep:** Gr. 11

Elke Sondag na die erdiens in die kerkgebou, tydens skoolkwartale. Sien kalender.

**Koffiekerk: Sondag 16:00-18:00** (vir tieners):

‘n Aktuele geleentheid gevul met koffie, kuier en tyd saam met Jesus in die Ou Pastorie. Tydens skoolkwartale. Hou die afkondiginge dop.

**Survivor kamp in die Julie vakansie**

Alle hoërskool jeug is welkom. Kyk uit vir meer info.

**Skoolverwisseling kamp in die September vakansie**

Skuif jy einde van die jaar na ‘n hoërskool toe? Dank is hierdie kamp vir jou! Kyk uit vir meer info.